UNIVERSITY OF CAMBRIDGE LOCAL EXAMINATIONS SYNDICATE
in collaboration with
MINISTRY OF BASIC EDUCATION, SPORT AND CULTURE, NAMIBIA
International General Certificate of Secondary Education

**FIRST LANGUAGE AFRIKAANS** **0512/02, 0557/02**

Paper 2 Reading and Directed Writing

October/November 2004

**2 hours 15 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen on both sides of the paper.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.
At the end of the examination, fasten all your work securely together.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy ‘n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met ‘n donkerblou of swart pen op die voorkant en agterkant van jou papier.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae.
Versorging van taalgebruik en formulering sal in jou guns tel.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van ‘n vraag gegee.
Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.

If you have been given a label, look at the details. If any details are incorrect or missing, please fill in your correct details in the space given at the top of this page.

Stick your personal label here, if provided.

This document consists of **5** printed pages and **3** blank page.

SP (AT) S56926/3
© MBESC Namibia 2004

UNIVERSITY *of* CAMBRIDGE
International Examinations

**[Turn over**

www.theallpapers.com

**Afdeling 1**

Lees die onderstaande artikel aandagtig deur en beantwoord dan die daaropvolgende vrae.

**Leesstuk 1**

# Krige–biografie is verrykende leesstof

**Saartjie Botha**

**Die Goue Seun: Die lewe en werk van Uys Krige deur J.C. Kannemeyer. Tafelberg, R249,95**

Gewigtig – dié dikke biografie oor Uys Krige wat 1,925kg weeg. 'n Boek wat jy by 'n tafel lees – of, in die gees van Krige, plat op jou maag op die vloer. Dis 'n werk wat 'n gestruktureerde poging van die leser verg, nie 'n bedmaat-biografie nie.

J.C. Kannemeyer lewer nou reeds volgens reëlmaat omvangryke skrywersbiografieë. Uit sy produktiewe pen het ook al werke oor D.J. Opperman, Peter Blum, C.J. Langenhoven en C. Louis Leipoldt verskyn.

Die toevoeging van *Die Goue Seun* tot sy indrukwekkende lys publikasies behoort eweneens te sorg vir 'n toevoeging tot sy ewe indrukwekkende lys bekronings. Kannemeyer se werk getuig van deeglike navorsing en groot moeite; 'n sin vir snuffel en speur wat die Skerpioene na 'n derde span laat lyk, en reuse-werkywer.

Sy keuse van Krige as projek moet allerweë verwelkom word en val saam met hernieude belangstelling in die Krige-oeuvre: Brink sluit ten regte 'n keur uit Krige se vertalings in die hersiene *Groot Verseboek* in; en op die gebied van die toneel was Krige se uitmuntende vertaling van Lorca se *Yerma*, asook die *Lewe is alleen draaglik as 'n mens bietjie dronk is*, die afgelope jaar as produksies op kunstefeeste te sien.

*Die Goue Seun* bied 'n perspektief op Krige as kosmopoliet, wêreldreisiger, liberalis, non-konformis en ewige seun. Uys se wanderlust lei Kannemeyer in sy indeling van afdelings en fokuspunte in die biografie.

In die eerste afdeling getiteld "Aanvange" (1910-1929) word breedvoerig stilgestaan by Krige se jeugjare. Krige se pa, die bekende Springbok Japie Krige, was magistraat en is dikwels verplaas, 'n tema wat sou voortduur in die lewe van die trekvoël van Dertig. Sy ma, die skrywer Sannie Uys, kweek by hom 'n liefde vir die letterkunde en sou lewenslank eerste viool speel in Krige se gallery van vroue.

Die tweede afdeling, "Transvaalse intermezzo" (1930-1931), dek die tydperk as joernalis in Johannesburg. In die derde afdeling, "Europa" (1931-1935), ontdek die jong Uys die Franse en Spaanse literatuur, speel hy rugby in Toulon en smee hy 'n hegte vriendskap met die digter Roy Campell en sy vrou, Mary.

Afdeling IV, "Suid-Afrika en die Tweede Wêreldoorlog" (1935-1946), fokus hoofsaaklik op sy politieke ontwaking, sy werksaamhede as oorlogskorrespondent en sy krygsgevangeskap. Uys trou ook in hierdie tyd met die aktrise Lydia Lindeque en word pa van 'n dogter en 'n seun.

In die vyfde afdeling, "Terugkeer en verdere reise" (1946-1960), reis Krige steeds die wêreld plat, woon hy saam met Jack Cope in Clifton en is hy betrokke by die Sestiger-beweging. In hierdie afdeling onthul Kannemeyer baie interessante literêr-politieke gegewens oor die weerhouding van die Hertzog-prys van Krige – 'n hoogtepunt in die biografie.

In die laaste afdeling, "Onrust" (1969-1987), kry Krige oplaas en te laat die erkenning waarop hy soveel vroeër geregtig was. Kannemeyer gaan baie simpatiek om met die ouerwordende Krige en vermy 'n opstapeling van bekende staaltjies en stories oor sy vergeetagtigheid en eksentrisiteit. Die beeld wat hy van Uys voorhou, is dié van kind van die son en die see, met 'n ewige jeugdigheid en bruisende lewensdrif.

Kannemeyer noem in sy inleiding dat die Krige-dokumente in die J.S. Gericke-biblioteek 16 m se rakruimte beslaan. Voeg hierby Krige se omvangryke literêre oeuvre en wye verwysingsveld en belesenheid, die magdom werke deur medeskrywers oor die (meestal) beminde figuur, en dit is selfs vir iemand van Kannemeyer se statuur onmoontlik om reg te laat geskied aan al die fasette van Krige se lewe.

*Die Goue Seun* het egter twee belangrike gebreke. Eerstens slaag Kannemeyer nie daarin om 'n persoon van vlees en bloed te skep wat uit die 681 bladsye herrys nie; en bly sy perspektiewe op Krige as persoon, op enkele uitsonderings na, tweedimensioneel.

Moontlike redes hiervoor is 'n effens akademiese, verwyderde styl en 'n geneigdheid



www.theallpapers.com

om soms te verval in literêr-kritiese beskouings en besprekings. Bydraend is die amper verblindende, vergulde positiewe siening van Krige as 'n mens- en vredeliewende persoon, terwyl geen prominensie aan sy narcistiese en afhanklike trekke gegee word nie.

Tweedens skep Kannemeyer nie 'n duidelike beeld van die aard van Krige se verhoudings nie. Krige se verbintenisse met die Campbels, die digters van Dertig, die skrywers van Sestig, sy gesin en familie word wel genoem en bespreek, maar meestal sonder interpretasie.

Die ruimte wat afgestaan word aan besprekings van gedigte sou waarskynlik beter benut kon word in 'n ontleding van patroonmatighede in die verhoudings en verbintenisse wat Krige aangeknoop het.

Ek vind dit jammer dat Kannemeyer meer klem plaas op Krige in konteks van die Dertigers en nie dieselfde aandag bestee aan sy betrokkenheid by die beweging van Sestig nie.

Hoewel nie 'n bedmaat nie, *Die Goue Seun* is 'n verrykende en insiggewende leeservaring.

Vir die beantwoording van vrae 1-3 moet jy slegs die letter **A**, **B**, **C** of **D** langs die toepaslike nommer neerskryf om aan te toon watter antwoord die beste pas.

**1** 'n Non-konformis is 'n persoon wat

**A** hom steur aan wat ander mense van hom sê.
**B** hou by geldende gebruike van die samelewing.
**C** rebelleer teen die reëls van die samelewing.
**D** teenstrydig met die aanvaarde norme, sy eie ding doen. [1]

**2** Tussen 1930-1935 was Uys Krige veral ingestel op die literatuur van

**A** Engeland en Frankryk.
**B** Engeland en Transvaal.
**C** Spanje en Frankryk.
**D** Transvaal en Spanje. [1]

**3** Waarom word "Krige-biografie" met 'n koppelteken geskryf?

**A** By minder oorsigtelike verbindings.
**B** By verbindings met eiename.
**C** By verbindings met opeenvolgende vokale.
**D** Om dit makliker te lees. [1]

**4** Is hierdie biografie 'n boek om vir ontspanning te lees? Motiveer jou antwoord. [2]

**5** Die J.S. Gericke-biblioteek het 16 m rakruimte aan Uys Krige se werke afgestaan. Watter probleem het dit indirek vir Kannemeyer met die skryf van die biografie geskep? [1]

**6** Watter deel van Uys Krige se lewe het Kannemeyer met simpatie hanteer? Gee 'n rede vir jou antwoord. [2]

**7** Noem kortliks twee gebreke, volgens Botha, in Kannemeyer se boek: Skryf in jou eie woorde. [2]

**8** Skryf die inhoud vir 'n flapteks vir die boek, *Die Goue Seun*, in 200 woorde.

('n Flapteks is die omgeslaande gedeelte van die omslag van 'n boek waarin die inhoud van die boek kortliks opgesom is.) [20]


www.theallpapers.com

**Afdeling 2**

Lees die volgende leesstuk deur wat handel oor die lewe en werke van Uys Krige.

**Leesstuk 2**

# Veelsydige Krige gee biograaf vreugde

Toe ek ná voltooiing van my Leipoldt-biografie in Junie 1998 ‘n nuwe projek begin soek het, was die lewensverhaal van Uys Krige ‘n vanselfsprekende keuse.

Reeds op skool het ek by die lees van werke soos *Sol y sombra* en *Ver in die wêreld* … onder die bekoring gekom van ‘n skrywer wat wye draaie in die Mediterreense lande gaan gooi het. Ek onthou ook duidelik watter genot die ervaring van sy “Tram-ode” met die “wakker mars van name” vir my was toe ek deur middel van ons skoolbloemlesing die eerste keer daarmee kennis gemaak het. Vir baie mense van my geslag was sulke verse met hul ritmiese stuwing en vreemde musiek so anders as die verse van ander Afrikaanse digters, ‘n vreugde om te ervaar. Dit het die romantiese drang gevoed wat inherent in ‘n jong mens leef en wat in hom die begeerte wek om nuwe wêrelde te ontdek.

En tog het ek getwyfel of Krige, met wie ek vroeg in die sestigerjare persoonlik kennis gemaak het en wat vir my van die begin af Uys was, my enduit sou boei – die gebruiklike huiwering wat ‘n mens so dikwels by die aanvang van ‘n omvangryke projek beetpak. Is die terrein van die lewensbeskrywing dan nie besaai met versaakte ondernemings nie, skrywers wat selfs ná sewe jaar se worsteling tot die ontdekking kom dat hulle in werklikheid nie hou van die persoon oor wie hulle dit het nie, dat hulle hom saai vind of selfs van sekere aspekte van sy persoonlikheid walg? Uys was seker, ten spyte van sy baie pratery, een van die aangenaamste en spontaanste mense wat jy kon hoop om te leer ken, en daarby het ek gehou van die wyse waarop hy literatuur met haas elke asemteug “leef”.

Miskien het ek my getroos aan die feit dat in die ganse oeuvre van Krige darem nie so ‘n swak werk as in *Die bergtragedie* is nie en dat hy, anders as die slordige Leipoldt met sy dikwels onafgewerkte verse, voortdurend en ywerig aan sy gedigte geskaaf en gepoleer het, meer as enige ander Afrikaanse skrywer voor of ná hom. En toe ek sy dokumente begin deurgaan het, kon ek my gerusstel in die seker wete dat daar veel meer diepte in Uys was as wat ek kon vermoed. Soos D.J. Opperman, C.J. Langenhoven en C. Louis Leipoldt, die ander Afrikaanse skrywers met wie se lewe ek my onledig gehou het, het Uys vir my gaandeweg boeiender geword en het ek die obstinate wil in sy tenger gestalte begin bewonder. Ek het waardering ontwikkel vir die veelsydigheid van sy skrywerskap en die veelkantigheid en beweeglikheid van sy karakter. Wat my veral naas sy gawes as skeppende genie nader aan hom getrek het, was sy intellektuele vermoë, sy kinderlike eenvoud en verwondering oor dinge wat hy tot op gevorderde ouderdom kon behou, en boweal sy absolute integriteit en onomkoopbaarheid in ‘n literêre en politieke bestel waarin hy dikwels deur sy sterk humanitêre beginsels en gevoel vir vryheid van die algemeen aanvaarde stroom afgewyk het, ‘n individualisme waarvoor hy ‘n hoë prys moes betaal.

Die werk aan my Krige-biografie het in Junie 1998 begin met die verkenning van die Stellenbosse Krige-dokumentasie wat 16 m rakruimte beslaan, omvangryker as dié van enige ander skrywer met wie ek vroeër te make gehad het. Die manuskrip – met uitsondering van die voorwoord – is voltooi op 15 Junie 2001, gevolg deur die finale hersiening.

Vir my persoonlik as biograaf het my werk aan Krige probleme geskep wat ek in my vroeëre ervarings met die lewe van skrywers nie ondervind het nie. Anders as by Opperman, Langenhoven en Leipoldt, wie se lewe ‘n besliste of vermoedelike skadukant bevat, is by Krige geen donker deel aanwesig



www.theallpapers.com

nie. Hy het hom nie aan drankmisbruik skuldig gemaak nie, hy het geen aantoonbare buite-egtelike verhoudings gehad nie, en hy was te eerlik, oop en naïef om hom aan misdadige bedrywighede te vergryp.

Nog ‘n probleem vir my by Krige was die feit dat hy ná die ernstige beserings wat hy in 1976 in Pretoria in ‘n motorongeluk opgedoen het, fisiek en geestelik nie meer dieselfde was nie en in die elf oorblywende jare van sy lewe geleidelik verstandelik agteruitgegaan en skeppend tot stilstand gekom het. Die probleem vir ‘n biograaf is hoe om so ‘n aftakeling in sy lewensbeskrywing aan te bied en terselfdertyd die waardigheid en statuur van sy subjek te behou.

Daar is baie vermaaklike staaltjies oor Uys se vergeetagtigheid in hierdie laaste fase van sy lewe, maar daar skuil ‘n bepaalde gevaar in die blote dryfsand van grappige anekdotes, en dit is buitendien beswaarlik vir die soort noot waarop ‘n boek oor ‘n prominente persoon se lewe moet eindig.

Die biografie van hierdie “goue seun” van die Afrikaanse letterkunde was ‘n verrykende ervaring, ‘n projek waaraan ek, ten spyte van die omvangryke dokumentasie wat ek moes deurgaan en die talle probleme wat ek te bowe moes kom, met vreugde gewerk het.

**9** Bespreek kortliks die verskille in die aanslag van die twee artikels ten opsigte van inhoud en skryfstyl. [10]

**10** Jy is ‘n joernalis van die plaaslike koerant wat ‘n onderhoud voer met J.C. Kannemeyer oor sy boek *Die Goue Seun: Die lewe en werk van Uys Krige*.

Skryf nou die onderhoud in ongeveer 250 woorde. Die groetgedeelte moenie deel van die 250 woorde wees nie. [20]



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**



www.theallpapers.com

**BLANK PAGE**

University of Cambridge International Examinations is part of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.



www.theallpapers.com